

Regulering van chemiese middels goed deurtrap

Deur ISABEL STOLTZ

Die doel met die regulering van chemiese landboumiddels is om te verseker die regte produkte bereik die mark. Dit word egter bemoeilik deur die staat se siening van sake, het dr. Peter Oberem, voorsitter van die SA Diergezondheidsforum, op Avcasa se kongres naby Benoni gesê.

Oberem sê nuwe produkte is skaars omdat dit moeilik is om middels te registreer en die registrasie lank duur. Ongeregistreerde produkte beland in die mark omdat polisiëring om dit te keer, veel te wense oorlaat.

Dr. Danie Odendaal van die SA Veterinêre Vereniging (SAVV) het gesê dit is onverstaanbaar dat daar geen beheer oor medisyne ná vervaardiging is nie. "Hoe is dit moontlik dat ons geen stelsel het vir die registrasie of beheer van mense wat dié middels verkoop nie?"

Oberem het voorgestel dat 'n taakspan met verteenwoordigers van die departement en die bedryf saam kwessies, soos gehalte van vervaardiging en doeltreffende inspeksie, behartig.

Hy het gesê die dubbel-registrasie van gesondheidsmiddels by die Mediese Beheerraad en die Departement van Landbou is ook 'n struikelblok weens teenstrydige besluite, verwarring en dubbele koste.

Volgens Odendaal is die SAVV ten gunste van die harmonisering van die wette op diere- en menslike gesondheid.

Heelwat doeltreffende, aktiewe bestanddele het weens 'n gebrek aan inligting in die slag gebly met die Europese Unie se harmonisering van regulasies vir die gebruik van chemiese middels vir oesbeskerming van landbouprodukte, het mnr. Kobus Hartman, kenner van internasionale regulasies oor voedselveiligheid en chemiese residu, gesê.

Die gevolge wat dit vir produ-

sente gehad het, is byvoorbeeld dat daar tans geen geregistreerde, aktiewe bestanddele bestaan vir die beheer van botselmyt op druiwe nie, die voorkoms van vrugtevlieë in die Wes-Kaap verhoog het en die rakleef tyd van appels en pere met die skrapping van 'n beproefde middel afge neem het.

Hartman sê die internasionale mark het verander. Verskeie kettingwinkels en bemarkingsagentskapte het soos reguleerders begin optree deur hul eie verskillende standaarde op produsente af te dwing.

Mnr. Jonathan Mudzunga, Registrateur van Wet 36 van 1947, het uit 'n departementele perspektief gesê riglyne vir registrasie ingevolge dié wet moet hernu word en die samewerking van die bedryf is nodig, maar daar bestaan 'n indruk dat daar 'n gebrek aan steun vir die Regering is.

Dit is nie nét die Regering wat aansoeke om registrasie vertraag nie. Die tydgleuf waarbinne dit moet plaasvind, kan net werk as aansoeke behoorlik voorberei en volledig is. Altesame 80% van aansoeke voldoen nie aan dié vereistes nie, het hy gesê.

'n Siftingsproses tree volgende jaar in werking met verpligte afkeuring van aansoeke wat nie aan sekere vereistes voldoen nie. Dié vereistes sal saam met die bedryf bepaal word, sê Mudzunga.

Daar was 'n lewendige debat oor die haalbaarheid van self-regulering. Daar is ook gedebatteer of daar op die gebied van gesondheid eenvormige regulering vir menslike en dieremedikasie behoort te wees.

Die kongres het 'n beroep op beleidmakers en wetskrywers gedoen om 'n universele benadering tot die beginsels van regulering, met 'n sterk beleidsraamwerk en besluite wat op wetenskaplike gronde geneem word en 'n moniteringstelsel wat samewerking afdwing.